16.5 RAPPORT 4: DEPUTATE EKUMENISITEIT BINNELANDS – ANDER GESPREKKE (Artt 30, 31)

A. Ds PW Kurpershoek lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
C. Br K Roose en dr H Breytenbach word in die vergadering verwelkom.

D. RAPPORT

1. Afrikaanse Protestantse Kerk

1.1 *Opdrag (Acta 2012:189, 1.3.1)*

1.1.1 Die te benoeme Deputate werk indringend aan die uitbou van die gesprekke met die Afrikaanse Protestantse Kerk.

Besluit: Kennis geneem.

1.2 *Vir kennisname*

1.2.1 Gesprekvoering het op 9 Junie 2014 met prof IA Brink plaasgevind. Daar is weer op 25 Julie 2014 met die Sentrale Kerke Kommissie van die APK breedvoerig gesprek gevoer.

1.2.2 ‘n Versoek van die Afrikaanse Protestantse Kerk om ‘n skriftelike groeteboodskap namens die GKSA beskikbaar te stel vir die Algemene Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk in 2013 is nie aan voldoen nie. Vir hierdie *bona fide* oorsig van ons kant is verskoning aangebied.

1.2.3 Daar is vasgestel dat die laaste bilaterale gesprek tussen die onderskeie kerkverbande op 17 Oktober 2008 plaasgevind het, vóór die geleenthede in 2014 kon plaasvind.

1.2.4 Kennis is geneem dat die Sentrale Kerkekommissie van die APK heeltemal nuwe lede bevat.

1.2.5 Die uitgebreide gesprek op 25 Julie 2014 is aan beide kante positief en opbouend ervaar. Daar is ooreengekom dat verteenwoordigers van die onderskeie Kerke ‘n memorandum van ekumeniese verhouding tussen die GKSA en die APK moet opstel.

1.2.6 Daar is in die vooruitsig gestel dat die te benoeme Deputate uit die GKSA reeds in Maart 2015 met die SKK van die APK weer in gesprek moet kan tree.

1.2.7 Daar is in die gesprek reeds ooreengekom dat die uitruil van kategese-materiaal moet plaasvind tot verbreiding van materiaal soos die behoefte daarvoor mag bestaan.

1.2.8 Daar is verder ooreengekom dat die APK voorsien sal word van die liturgiese uitbreiding van Skrifberyminge- en liedere soos deur die laaste Sinodes van die GKSA goedgekeur. Die APK het hulle begeerte uitgespreek om hieraan aandag te gee in hulle eie oorwegings wat liturgiese aspekte raak.

1.2.9 Daar is deur die Deputate kennis geneem dat sommige van die wysiginge aan die Totiusteks van die Psalms in die liedboek van die APK opgeneem is. Hulle het in hulle nuutste gedrukte bundels reeds sodanige wysigings opgeneem.

1.2.10 Die Administratiewe Buro is versoek om ‘n verteenwoordiger van die Afrikaanse Protestantse Kerk na Sinode 2015 uit te nooi om ‘n groeteboodskap oor te bring.

Besluit: Punte 1.2.1 tot 1.2.10 kennis geneem.

1.3 *Vir besluitneming: Aanbeveling*

1.3.1 Dat die Sinode ‘n meer effektiewe verloop van gesprekvoering sal aanmoedig.

1.3.2 Dat die opstel van ‘n memorandum tot ekumeniese verhoudinge tussen die onderskeie kerkverbande behoort eerste prioriteit te geniet.

Besluit: Punte 1.3.1 en 1.3.2 goedgekeur.

2. Rynse Kerk in Suid-Afrika (RKSA) en die Calvyn Protestantse Kerk van Suid-Afrika (CPKVSA)

2.1 *Opdrag (Acta 2012:190, 2.3.1)*

2.1.1 Die te benoeme Deputate werk indringend aan die uitbou van die gesprekke met die Rynse Kerk in Suid-Afrika (RKSA) en die Calvyn Protestantse Kerk van Suid-Afrika (CPKvSA).

Besluit: Kennis geneem.

2.2 *Vir kennisname*

2.2.1 Ten spyte van verskeie pogings kontak te bewerk met afgevaardigdes van beide hierdie kerkgemeenskappe, kon geen gesprekke tot op datum van die Rapport realiseer nie.

2.2.2 Met die Konvent en ander ekumeniese geleenthede is informeel gesprekke gevoer.

2.2.3 Tans word beoog om voor die end van 2014 ‘n gesprek te reël. Hieroor sal, indien nodig, aanvullend rapporteer word.

Besluit: Punte 2.2.1 tot 2.2.3 kennis geneem.

2.3 *Vir besluitneming: Aanbeveling*

2.3.1 Die te benoeme Deputate volhard met pogings om gesprekke met die Rynse Kerk in Suid-Afrika (RKSA) en die Calvyn Protestantse Kerk van Suid-Afrika (CPKvSA) te laat realiseer.

Besluit: Goedgekeur.

3. Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

3.1 *Opdrag (Acta 2012:190, 3.3.1, 3.3.2)*

3.1.1 Die te benoeme Deputate gaan voort met die gesprekke met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gerig op kerklike eenheid.

3.1.2 Die te benoeme Deputate behou noue kontak met die plaaslike gesprekke tussen kerke vanuit die GKSA en VGKSA.

Besluit: Punte 3.1.1 en 3.1.2 kennis geneem.

3.2 *Vir kennisname*

3.2.1 Een bilaterale gesprek met die VGKSA het in 2013 plaasgevind. ‘n Volgende gesprek word DV vir Julie 2014 beplan waarin aanvullend gerapporteer sal word.

3.2.2 Dié sake soos aangedui in ‘n memorandum van die kant van die VGKSA wat in die weg van kerklike eenheid staan is nog nie behore deur hulle aangedui en aangebied vir verdere handelinge en afhandeling nie (vgl Acta 2012:190, 3.2.3). Die Deputate hoop om in Julie 2014 meer duidelikheid hieroor te verkry.

3.2.3 ‘n Groeteboodskap is namens die GKSA aan die VGKSA deur ds PW Kurpershoek in Mei 2014 te Bethal tydens hulle Sinode aangebied.

3.2.4 Gesprekke tussen die Kerkrade van GK Die Kandelaar, GK Oos-Moot en GK Totiusdal en die VGKSA Pretoria en VGKSA Maranatha wat al sedert 2010/2011 plaasgevind het, het groot vordering gemaak.

a) Tussen die vyf kerke is reeds ‘n gesamentlike verklaring in Mei 2013 onderteken, waarin die kerke teenoor mekaar onderneem het dat samewerking optimaal benut moet word tot opbou van die geloof en gemeentelewe.
b) Al 5 kerke het die begeerte tot eenwording in een kerkverband uitgespreek en onderneem om alles te doen om tot kerklike eenheid te kom.
c) Die konkrete situasie en roeping van die onderskeie kerke in hul kerkverband sal van tyd tot tyd geëvalueer word.

3.2.5 Na verskeie oop gesprekke waarin verskeie sake aan die orde gestel was, het die 5 kerke gekonstateer dat daar wel verskille is, maar dat dit nie kerkskeidend is nie.

3.2.6 Daar is in al 5 kerke onderneem dat maniere gesoek moet word om aan die eenheid konkreet gestalte te gee. In die gesamentlike verklaring is reeds ooreengekom dat die volgende sake by die onderskeie Kerkrade tuishoort en dat hulle daaraan uitvoer wil gee sodra die onderskeie Klassisse oor die proses van kerklike eenheid gehandel het: toelating van mekaar se lede tot die nagmaal, kanselruil, erkenning van mekaar se attestate, erkenning en oorname van tugbediening, gesamentlike eredienste en ondersteuning van mekaar se stryd vir die Waarheid.

3.2.7 In September 2013 het die drie kerke in die verband van die GKSA van Klassis Pretoria-Moot advies gevra oor die pad vorentoe met die sluiting van nog nouer bande wat dan bepaalde ooreenkomste moet insluit wat die proses van kerklike eenwording tot op nasionale vlak moet uitbrei. Dié Klassis moet nog die kerke van advies bedien.

3.2.8 Intussen het die Deputate Ekumenisiteit Binnelands op 25 Februarie 2014 met ‘n kommissie van Klassis Pretoria-Moot (en verteenwoordigers van die Kerkrade van Die Kandelaar, Oos-Moot en Totiusdal) vergader om te besin oor die ooreenkomste reeds bereik en die proses wat nou voorlê tot moontlike kerklike eenwording.

3.2.9 Die Deputate het vasgestel dat voordat die kerke uit die GKSA en VGKSA werklik tot verdere eenwording op algemene nasionale vlak sal kan vorder, daar ordereëlings uit die GKSA saamgestel sal moet word om hierdie plaaslike kontak en samewerking te orden waar kerke reeds so nou soos hierdie 5 kerke met mekaar wil saamwerk maar daar van nog van geen algemene nasionale eenwording tussen kerkverbande sprake kan wees nie. Die 3 kerke in die GKSA is versoek om te wag tot alle kerke in die GKSA tot so ‘n reëling van plaaslike samewerking en kontakte kon ooreenkom.

Besluit: Punte 3.2.1 tot 3.2.9 kennis geneem.

3.3 *Vir besluitneming: Aanbevelings*

3.3.1 Die te benoeme Deputate kry opdrag om voort te gaan met die gesprekvoering met die VGKSA.

3.3.2 Die te benoeme Deputate kry opdrag tot die opstel van ordereëlings wat plaaslike gemeentes in staat moet stel en moet kan begelei in hulle plaaslike kontakte en samewerking voordat daar nog enige nasionale landelike eenwording kan plaasvind.

Besluit: Punte 3.3.1 en 3.3.2 goedgekeur.

4. Konvent vir Reformatoriese Kerke

4.1 *Opdrag (Acta 2012:191, 4.3.1)*

4.1.1 Die te benoeme Deputate wys afgevaardigdes aan na die Konvent vir Reformatoriese Kerke.

Besluit: Kennis geneem.

4.2 *Vir kennisname*

4.2.1 Die Konvent vir Reformatoriese Kerke het jaarliks gedurende die eerste week van Maart vergader en betrek ongeveer 15 kerkgemeenskappe van reformatoriese agtergrond.

4.2.2 Gedurende die afgelope termyn het die Konvent die volgende drie temas behandel:

a) Gister, vandag en more (ons gedeelde verlede, hede en toekoms)
b) Die feesviering van 450 jaar van die Heidelbergse Kategismus
c) Die kerk as ‘n omarmende en transformerende liggaam

4.2.3 Die Deputate het afgevaardigdes na al drie byeenkomste van die Konvent gestuur.

Besluit: Punte 4.2.1 tot 4.2.3 kennis geneem.

4.3 *Vir besluitneming: Aanbeveling*

4.3.1 Die te benoeme Deputate wys afgevaardigdes aan na die Konvent vir Reformatoriese Kerke.

Besluit: Goedgekeur.

E. GROETEBOODSKAP VGKSA

Br K Roose dra die groete van die VGKSA aan die vergadering oor waarna die voorsitter, dr DG Breed, ‘n dankwoord aan hom rig en die Here se seën vir die VGKSA toebid.